



OLOFF DIE *No. 1* SEEROWER

*Die
Swaardvegter*



OLOFF DIE SEEROWER *No. 1*

Twee harde houe volg vinnig na mekaar as Oloff sy staallem teen die moordenaar s'n kap. Dan stamp hy sy wapen woes vorentoe om sy teenstander se bors te deurboor. Die man steier terug en hy kry dit reg om Oloff se swaardpunt op te kap. So sterk is die drukking van agter af dat hy dit egter nie kan keer nie, en nog minder slaag hy daarin om daarvoor te kan padgee. Die volgende oomblik is daar 'n hees geskreeu as Oloff se swaardpunt hom teen sy kop tref. Onmiddellik val die moordenaar se swaard uit sy hand. Hy swaai soos 'n tol om en slaan grond toe neer. Sy hele gesig is bebloed en as sy liggaam meteens verslap en roerloos bly lê, weet Oloff dat hy die moordenaar van sy vader gedood het.



„Die honde blaf, baas Johan!”

Johan van Wagenaar maak die boek op sy skoot toe. Sy oë dwaal daarvandaan oor die gesellige vuur in die herd voor hom. Dan rus hulle ingedagte op die massiewe klippilare van die skoorsteen daarbo, onderwyl hy sy kop in 'n luisterende houding oplig.

Die grys op sy slape spreid reeds oor sy ongepruikte hoof. Sy kuif is egter nog vlamwend rooi en, in teenstelling met die mode, kort geknip. Honderde fyn voutjies loop weerskante van sy blou oë oor sy wange. Sy neus is reguit en effens spits. Die ken is sterk, maar die hoeke van sy lippe is effens afgebuig asof dit 'n spoor is wat nagelaat is deur 'n vlag van verbittering wat oor sy gelaatstrekke getrek het. Die rustigheid en berusting wat in sy uitdrukking te bespeur is, weerspreek egter alle gedagtes van ontevredenheid en leed.

Johan van Wagenaar is een van die senior-koopmans aan die Kaap. Hy is ook een van die rykste wynboere. Sy plaas is aan die suidekant van die Wynberg geleë; van die amptenaarsplase is dit die verste van die Kaap af. Buite kan hy die suising van wind deur die jong eikebome hoor. En verder weg die dreuning van die see.

Hy kyk om na die frisgeboude Maleier wat van die kombuis af gekom het, en wat nou op die drumpel van die voorkamer huiwer. Johan se mond versag in 'n glimlag as hy na die getroue slaaf kyk. Mamoed is beter as enige waghond wat hy kon gehad het.

„Ek hoor, Mamoed,” sê die eenaar van Sandryk stadig. „Miskien blaf hulle maar vir wilde diere. Ons bly ook so alleen hier in die wildernis dat ons verbeelding met die kleinste geluid op hol raak.”

„Dit is al laat, baas Johan,” antwoord Mamoed. „As dit jakkalse of ander diere was, sou die honde hulle stormgeloop het. Hulle blaf egter op die werf en gaan nie verder nie. Besoekers sal dit ook nie wees nie. Dit is te laat en. . .”

Johan van Wagenaar lag sag.

„Moenie so bekommerd lyk nie, Mamoed!” roep hy die getroue Maleierslaaf toe. „Dit wil voorkom asof jy doelbewus

staan en voorspel dat daar moeilikheid gaan wees."

„Ek kan voel, baas Johan," werp die Maleier ernstig teë.
„Ek sien in die nag en ek weet. . ."

Johan van Wagenaar tel die boek van sy skoot af op en sit dit op die tafel langs hom. Hy lag hard onderwyl hy opstaan.

„Julle Maleiers dink almal dat julle die onbekende kan peil!" roep hy opgewek uit. „Kom, Mamoed, kom saam dat. . ." Hy hou op met praat as hy die slaaf se oë vinnig na die groot, swaar voordeur toe sien draai. Die deur is nog nie gegrendel nie, want dit word eers gedoen wanneer Johan gaan slaap.

Duidelik sien hy die swaar koperknop draai asof iemand buitekant dit versigtig toets. Mamoed beweeg sonder meer haastig oor die vloer—nie na die deur toe nie, maar na die rak langs die vuurherd waarop die gewees staan. Hy is nog maar halfpad deur die vertrek toe die voordeur oopklap en 'n pistoolskoot feitlik tegelykertyd hard teen die mure weergalm.

Johan van Wagenaar swaai verskrik om. Verdwaas staar hy na die gestalte van sy getroue slaaf. Mamoed se liggaam ruk om en soos 'n klip slaan hy op die vloer neer, waar hy roerloos bly lê. Onder sy regterskouer vorm 'n rooi bloedkol.

Van Wagenaar tree nader, maar dan steek hy vas en kyk terug na die voordeur toe. Binnekant die drumpel staan 'n paar mans. Vooraan is 'n kêrel van minstens 2,2 meter. Sy gitswart hare hang in blinkende lokke op sy skouers. Dit lyk egter vuil en sleg versorg alhoewel dit met olie deurweek is. Sy baard is eweneens lank, maar is so aangepak van die olie dat dit in dik toue op sy bors hang.

Die vreemdeling se donker oë lag die koopman toe, maar 'n koue rilling gaan deur Johan van Wagenaar as hy die meedoënlose uitdrukking in die plat gesig van die man voor hom sien.

Dan merk hy die breë sabel in die man se regterhand. Hy sien ook nou dat die ander almal net so bewapen is; almal behalwe die man wat net regs van die deurkosyn doodluiters teen die muur aanleun. In sy hand wat slap langs sy sy hang, is die rokende pistool—dit is hy wat Mamoed geskiet het.

Maar Johan is skaars bewus van hierdie feit. Strak staar hy na die gelaat van die jong man—sy blik is intens, en tog is daar iets van vrees in te bespeur. Hy sien die vlamme rooi hare

en die blou oë. 'n Reguit, spits neus rus bokant die vol lippe.

„Oloff!" Johan van Wagenaar se lippe vorm die woord en sy asem blaas dit hard genoeg uit sodat elkeen in die vertrek dit kan hoor.

Die man met die pistool lig sy wenkbroue. Langs hom kyk die een met die swart baard na sy kant toe en dan weer voor hom uit na die koopman asof hy nie mooi kan begryp wat aangaan nie.

„Dit lyk my hy sien 'n spook, Van Osse!" roep die vent met die swart baard uit.

„As jy daarby bedoel dat hy die dood in die oë staar, is jy reg, Slinkshart," werp Van Osse terug. „Ek dink. . ."

„Luister, Ben!" roep Borghort vererg uit. „Ek hou nie daarvan dat jy my Slinkshart noem nie."

„Borghort! Slinkshart! Wat maak dit saak? Ek hou weer nie daarvan dat jy my met 'n spook vergelyk nie."

Borghort kyk die kêrel 'n oomblik onderlangs aan. Dan lag hy.

„Een van die dae is ons twee aanmekaar." Maar hy sê dit op so 'n wyse asof hy wil te kenne gee dat hulle twee sulke groot vriende is dat daar nooit sprake van onenigheid tussen hulle kan wees nie. Hierdie is maar somer speletjies.

Johan van Wagenaar sidder. Vriendskap tussen diewe, vertrouwe tussen moordenaars! Teen dié tyd het hy reeds vasgestel dat hy met seerowers te doen het. Wát hulle hier op Sandryk soek, weet hy nie. Dit is maar selde dat hulle so ver van hul lêplekke af dwaal. Hy weet dat die roete na die Ooste deur seerowers bedreig word, maar dit is anderkant Madagaskar—ver van die Kaap die Goeie Hoop af.

Ben van Osse steur hom nie verder aan Borghort nie. Blykbaar is hulle op gelyke voet. Heel waarskynlik is daar twee skepe in die baai—of anders het Van Osse Borghort gehuur om hom hierheen te bring.

Van Osse? Oloff! Die aaklige waarheid van wat hy sien, weier om helder by hom pos te vat. Hy het altyd gemeen dat sy seun hom mag haat omdat hy hom en sy moeder verlaat het, maar die laaste briewe wat hy ontvang het, die toenadering wat hy daarin gevind en verwelkom het. . . Blykbaar was dit alles oëverblindery—alles bloot voorbereiding vir die wraak wat

vanaand hier geneem word.

So vinnig soos die gedagtes by hom posvat, verwerp hy hulle. Hy vind dit eenvoudig onmoontlik om te glo dat sy eie seun hierdie metodes sal gebruik om hom te breek. Half duiselig van die skok staan die koopman terug.

Tien, twaalf van die woestaards wat agter hulle leiers gestaan het, storm nou vorentoe. Die vertrek wemel van vreemdelinge. Borghort het sy arm geswaai; dit was blykbaar die teken dat hulle die huis moet deursoek.

„Ons kom soek 'n bietjie groente en water!” roep Borghort uit. „En hier kom ons op 'n skatkamer af!”

Sy oë dwaal gierig oor die silwerkandelare wat van die dik plafonbalke afhang. Op die tafel aan die ander kant van die herd staan 'n silwervaas, en 'n goue beeldjie blink in die vlamlig. Die wynkraffie en die glase op die groot skinkbord is van die allerfynste ontwerp. Borghort mik daarop af en skink van die rooi wyn sodat die kelkie oorloop. „Kom, Ben,” roep hy uit onderwyl hy die tweede glas vul, „ons drink van die Kaapse wyn!”

Buite op die werf knal 'n paar skote. Daar is die hoë gegil van vrouens en kinders. Dan volg die wrede gelag van die seerowervandale. Johan van Wagenaar besef maar al te goed dat daar van sy slawe en hul gesinne nie 'n enkele sal ontsnap nie.

'n Man storm by die voordeur in. Hy kyk in die vertrek rond en kom dan tot voor Borghort en Van Osse.

„'n Paar van die kêrels jaag die trop beeste en die kleinvee na die strand toe,” deel hy hulle mee. „Daar is genoeg graan vir albei skepe.”

„En wyn?” verneem Borghort.

„Te veel,” antwoord die man. „Die kêrels besef dit. Hulle het reeds 'n paar vate stukkend geslaan en as ons nie gou maak nie, sal ons hulle nie maklik op die skepe terugkry nie.”

„Die onnosel swape!” bulder Borghort. „Kan hulle nie wag totdat ons van die land af is voordat hulle begin suip nie?”

„En watter voorbeeld stel ons hulle, Slinkshart?” sê Ben van Osse gemaklik.

Borghort lag.

„Jy maak alewig grappies. Ben.” sê hy met 'n gryns. Hy

hou nie altyd van die kalm manier waarop Van Osse praat nie. Dit wil voorkom asof die kêrel sy selfbeheersing nooit kwytraak nie. „Sê vir Cuyler,” roep hy die vent voor hom toe. „dat hulle die vate wyn almal strand toe moet neem. Dit wat ons nie kan laai nie, sal ons daar vernietig. Gou maak! Sê vir hulle. . . Haai!” bulder hy onderwyl hy sy sabel van die tafel af gryp en oor die vertrek op een van die seerowers afpyl. „Waarheen gaan jy met daardie pak goed? Jy weet dat al die buit op die hoop in die hoek gegooi moet word. Ons sal later deel. Jy weet ons duld nie die we in ons geleedere nie!” Die sabel is omhoog. Die seerower deins verskrik terug. Hy weet hoe genadeloos en vinnig straf uitgedeel word.

„Slinkshart,” kom Van Osse se stem bedoord van agter af, maar snydend genoeg om Borghort te keer. „Dit is een van my manne daardie. As hy doodgemaak moet word, sal ek dit self doen. Gooi die goed daar op die hoop, skurk,” gebied hy die seeman. Die kêrel gehoorsaam en Borghort kom stadig terug na die tafel toe.

„Eendag sal jy te ver gaan, Ben,” sê hy gedemp.

„Watter reg het jy om onder my manne te begin rondkap?” werp Van Osse ongeërg terug. Sy oë rus in dié van Borghort wat hom woedend aanguur. „Laat hulle die buit in die sakke stop en wegneem. Hier,” skree hy op 'n paar ander, „breek die tafels en stoele stukkend en pak hulle in die hoeke van die vertrek. Neem brandende stompe uit die herd en steek die plek aan die brand. Maak gou!”

Borghort draai weg. Van Osse volg hom na die deur toe. Daar kyk hulle terug om te sien of hul bevel reg uitgevoer word. Van Osse se oë rus op die gestalte van die koopman wat tot dusver roerloos voor die herd gestaan het. Daar is iets in die man se houding wat hom hinder. Nog steeds staar Van Wagenaar hom stip aan. Van Osse is al lankal van daardie blik bewus. Nou vererg hy hom Met 'n vinnige beweging ruk hy 'n pistool uit sy gordel. Hy korrel en trek die sneller.

Johan van Wagenaar kantel sonder 'n geluid om. As sy liggaam voluit op die vloer neerslaan, is sy oë reeds verstar. In die hoeke van die vertrek slaan vlamme teen die mure op. Oor Sandryk se netjiese werf stap die seerowers terug in die rigting van die strand. Uit die skure en pakhuse skiet rooi vlamme

lekkend die lug in.

Op die vloer van die voorkamer roer Mamoed. Hy lig sy kop vinnig op, want sedert hy getref is, was hy nog nie bewusteloos nie. Geen beweging en geen geluid het hom egter ontgaan sedert die seerowers hier ingebars het nie. Ongelukkig kon hy die deur nie sien nie en die laaste pistoolskoot wat hy gehoor het, was dus vir hom 'n raaisel totdat hy nou sy geliefde meester voor die herd uitgestrek sien lê.

Versigtig probeer hy sy bolyf met sy linkerarm van die grond af oplig. Stadig trek hy sy bene onder hom in en onderwyl sy regterarm op die vloer sleep, kruip hy tot langs Johan van Wagenaar.

Binne enkele oomblikke het die Maleier vasgestel dat sy meester oorlede is. Hy kyk in die rigting van die deur, maar die vlamme vreet reeds die mure rondom hom en hy kan buite in die donkerte niks sien nie. Hy kruip haastig deur toe sodat hy hier kan wegkom voordat dit te laat is.

Die ontvangsaal van die Kasteel aan die Kaap is helder verlig. Oral is daar dansende pare, terwyl ander rond en bont staan en gesels of langs die mure sit en rus. Die Kaap bied nie veel vermaak nie en 'n bal in die Kasteel is dus 'n geleentheid vir almal om saam te kom om die jongste nuus en skinderpraatjies te hoor asook om te ontspan en vrolik bymekaar te wees.

In 'n aangrensende vertrek is daar verskeie tafels waarby kaart gespeel word. By een van dié is die goewerneur, die onafhanklike fisikaal en twee lede van die Politieke Raad besig met 'n spel brug. Sy Eksellensie sit 'n kaart neer en kyk na sy maat.

„Hierdie keer het ek hulle lekker gevang,” sê hy opgewek en draai hom na die fisikaal. „Nie waar nie, De Nuys?”

Die fisikaal kyk op sy kaarte. Daar is 'n blos op sy gesig asof hy hom vererg. Hy is nog maar jonk, maar hy het 'n ongeëwenaarde magposisie aan die Kaap. Hy is regstreeks aan die Here Sewentien verantwoordelik en selfs die goewerneur moet dus versigtig wees hoe hy voor die fisikaal optree.

'n Sakte uitroep van die deur se kant af laat hulle almal

opkyk. Frederick de Nuys staan uit sy stoel op. Sy langwerpige oë trek nou en sy hoë wangbene word beklemtoon deur die glimlag wat oor sy gelaat skiet.

Net binnekant die deur van die vertrek staan Anna te Hoogen, die goewerneur se niggie. Sy is 'n weeskind wat deur die goewerneur aangeneem en grootgemaak is, en woon al verskeie jare in die Kasteel. Baie van die hooggeplaaste amptenare het al tot die gevolgtrekking gekom dat sy amper net soveel invloed op die sake van die jong Kolonie het as die ganse Politieke Raad sowel as sy Eksellensie self. Sy is intelligent en het die beste opvoeding gekry wat die Kolonie haar kon gee. Miskien meer as enigiemand anders het sy die probleme van die amptenare, die vryburgers, die graan- en wynboere—sowel as die veeboere, wat maar af en toe die Kaap besoek—verstaan. Die goewerneur het hierdie feit besef, en ook geweet dat sy die vermoë het om te onderskei tussen wat belangrik en onbelangrik is. Haar aanbevelings het sy Eksellensie dus gewoonlik 'n goeie leidraad gegee.

Dit was nie hierdie feite wat die jong man regs van die deur saggies laat uitroep het nie. Nog minder was dit dít wat veroorsaak het dat die mans in die vertrek almal opgekyk het toe sy binnekam. Beslis dink die onafhanklike fisikaal op hierdie oomblik nie aan politieke sake of griewe van die bevolking van die Kolonie nie.

Anna te Hoogen is beeldskoon. Van die volmaakte ronding van haar hals tot haar satyngladde voorhoof onder die hooggekartelde pruik is sy soos deur 'n meesterhand geskep. Haar gelaatstrekke gee die indruk van fynheid en tog is haar gesig sterk—veral in die ken en lippe is daar 'n volheid wat ook 'n aangename warmte aan haar uitdrukking verleen. Haar blou oë is helder en reguit.

Aanvallig beweeg sy tussen die tafels deur tot by dié van die goewerneur. Almal daar—ook sy Eksellensie—het orent gekom. Hulle buig beleef.

„Eksellensie!” roep Anna gedemp uit. „Daar is iets waaroor ek u moet spreek.

„Maar natuurlik, Anna,” antwoord die goewerneur vriendelik. „Ek wonder net of dit die aangewese tyd en plek is. Jy weet dat...”

„Ek het nie gesê nou nie.” antwoord sy bedard en tog met 'n toon van berisping en verwyt oor die insinuasie dat sy van die omstandighede nie bewus was nie. „Miskien voordat u...”

„Maar maak dit tog sòveel saak?” roep Frederick de Nuys galant uit. Sy oë is vol op haar gerig. Van al die inwoners van die Kolonie is hy—behalwe haar oom natuurlik—miskien die enigste wat dit sou waag om haar so stip in die oë te kyk. „Miskien kan ek—en hier is ook twee lede van die Politieke Raad—met u probleem help, juffrou Te Hoogen.”

„Ek sal verkies om dit met my oom te bespreek, dankie.” Alhoewel elke woord sag en musikaal klink en pas by die aangename kwaliteit van haar stem, is daar 'n klank in wat vele al beskryf het as koud en afjakkend. Dit ontstel die onafhanklike fisikaal nie. Die glimlag is nog om sy lippe. Hy maak 'n formele buiging. Almal weet dat hy te dikvellig is om agter te kom dat Anna te Hoogen niks van sy voorbarigheid hou nie.

„In daardie geval, Anna.” kom die goewerneur tussenbei. „sal ek jou laat roep sodra...”

Weer swaai almal se oë na die deur toe. Senior-koopman Hendrik Mulder kom haastig binne en mik reg op die tafel van sy Eksellensie af. 'n Vinnige buiginkie in die rigting van Anna te Hoogen en dan bars hy sonder meer met die nuus uit. Almal het reeds uit die erns van sy uitdrukking afgelei dat hy 'n besondere boodskap bring.

„Verskoon my, Eksellensie!” roep hy uit. „Daar het iets gebeur—senior-koopman Johan van Wagenaar...” Hy kyk na Anna. „Ek wonder of juffrou Te Hoogen nie...”

„Nuus van die aard waarvan u blykbaar die draer is, sal ek tog die een of ander tyd hoor, koopman Mulder.” verseker sy hom kalm. „Vertel asseblief.”

„Seerowers het Johan se plaas afgebrand. Sandryk is 'n puinhoop.”

„En Van Wagenaar?”

„Van Wagenaar is daarmee heen.”

Senior-koopman Johan van Wagenaar was uiters gewild—as vriend, buurman, amptenaar, koopman. In alle opsigte het hy agting afgedwing en het hy mense na hom toe aangetrek. Die

jonger aankomelinge aan die Kaap het hulle verbeel dat Van Wagenaar se wortels hier so diep is soos die Kolonie s'n self—almal het hy bygestaan met 'n woord van raad en mildelik het hy almal gehelp wat dit nodig gehad het.

„Seerowers?” laat sy Eksellensie stadig hoor. „Dit is selde dat hulle so ver gesien word.”

„Miskien juis omdat hulle hierlangs is, het hulle voorrade nodig gehad.” meen 'n raadslid. „Daarom het hulle die naaste plaas bygedam.”

„Dit is nie al nie.” hervat Hendrik Mulder. Rondom hom is daar meteens doodse stilte asof hulle besef dat die aankondiging wat hy nou gaan doen, veel gewigtiger as die voorafgaande is. Inderdaad aarsel Mulder 'n oomblik voordat hy praat, asof hy self onder die indruk daarvan verkeer. „Sy eie seun het die seerowers aangevoer.”

Anna te Hoogen sit haar hand 'n oomblik voor haar lippe. Sy uiter nie 'n geluid nie.

„Hoe weet jy dit?” vra De Nuys wat blykbaar minder as die ander deur hierdie nuus geraak word.

„Sy getroue slaaf, Mamoed, het ontsnap. Hy is gewond, maar hy het daarin geslaag om in die rigting van 'n naburige plaas te kruip. Op pad het Jan Smit hom raakgeloop, en aan hom het hy die hele storie vertel.”

„Dan beteken dit dat ons net die woord van 'n Maleierslaaf het om...?”

„Mynheer De Nuys.” val sy Eksellensie hom in die rede. „dit mag jou verbaas, maar ek is gewillig om Mamoed se woord sonder die minste twyfel te aanvaar. Almal wat die huis van Van Wagenaar ken, sal met my saamstem. Vertel wat gebeur het, Mulder.”

„Soos ons almal weet.” hervat Hendrik Mulder. „het Johan sy vrou en kind in Holland agtergelaat toe hy ongeveer vyftien jaar gelede hierheen gekom het. In die afgelope tyd het Johan egter na sy seun verlang en ná 'n lang briefwisseling het sy vrou toegestem dat sy seun, Oloff, aan hom mag skryf. Hy en Oloff het gereël dat laasgenoemde hierheen sou kom om sy vader te besoek. Hy het hom trouens reeds 'n rukkie gelede verwag.”

Die goewerneur gaan sit asof die droewige tyding vir hom te

veel is. Hy kyk voor hom op die tafel.

„Dit is taamlik duidelik,” sê hy stadig, „dat Van Wagenaar se seun deur sy moeder met 'n vurige haat jeens sy vader vervul is. Sy het Van Wagenaar nooit vergewe dat hy haar verlaat het nie. Haar seun moes dus namens haar kom wraakneem. . .”

„Ek kan dit nie glo nie, oom!” roep Anna te Hoogen uit. Sy laat die formele aanspreekvorm agterweë en spreek hom aan soos wanneer hulle alleen is. Blykbaar het die nuus haar ontstel. „'n Vrou sal dit nie kan doen nie.”

Die goewerneur glimlag sag vir haar onskuld.

„Al was dit dan nie sy moeder se opdrag nie,” sê hy tydsaam, „is dit moontlik dat die seun met sulke verwronge gedagtes grootgeword het dat hy selfs tot seerowerstandaard gedaal het.”

„Moontlik het hy van hierdie set gebruik gemaak,” meen die ander raadslid, „om sy vader te vermoor; hy het die seerowers dalk gehuur om die wrede daad te verrig. Miskien kom hy môre of oormôre hier aan, huil 'n paar trane as hy hoor wat gebeur het en neem dan ewe kalmpies besit van Johan se eiendom.”

„Dit is alles bespiegeling!” roep Anna te Hoogen weer uit asof sy die waarheid eenvoudig nie wil aanvaar nie. „Watter werklike bewyse is daar dat dit koopman Van Wagenaar se seun was?”

„Volgens Mamoed bestaan daar geen twyfel nie,” antwoord Hendrik Mulder stadig en gewigtig. „Johan het sy seun wel vyftien jaar gelede laas gesien, maar hy het hom herken. Hy het glo uitdruklik die woord, Oloff, uitgespreek. Mamoed het die jong man haarfyn beskryf. Hy het rooi hare en blou oë—net soos sy pa.”

Hoofstuk 2

'n Skoot knal. 'n Uitroep van teleurstelling word gevolg deur opgewekte berisplings en goedgesinde tergerly.

„Dit is maar die skip, Pieter!” roep een uit. „Op land sal jy heel waarskynlik beter vaar.”

„Jy kan maklik praat, Jakob,” antwoord Pieter gemaak-verontwaardig waar hy nog met die rokende pistool in sy hand staan. „Kom, kyk of jy binne tien tree van die teiken kan kom.”

Die pragskip, die Lachende Zeë, kloof deur die water. Die seile bol in die westewind. As een van die jongste toevoegings tot die vloot van die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie, is die Lachende Zeë volgens die nuutste belyning ontwerp. Met die redelike sterk wind vorm die skip amper 'n beweginglose deel van die see se oppervlakte, want dit beweeg teen dieselfde spoed as die deinende hellings van die water.

Kaptein Janse van Breda klim van die agterstewe af. Op die onderste trap van die leer kyk hy oor die dek na die groep koopliede waar hulle teen die kantreling staan en na 'n teiken teen die middelmas skiet. Hy glimlag. Hy het hierdie reis werklik geniet. Die eer het hom as een van die Kompanjie se vooraanstaande kapteins te beurt geval om hierdie groep skatryk jong koopmans na Batavia te neem. Met die uitsondering van 'n paar is hulle seuns of van die Here Sewentien self of van die hoogste amptenare van die Kompanjie. Toe die onverwagte storm hulle drie dae gelede heeltemal van koers af sleep en hy die Kaap dus met 'n wye draai moes nader, het hy gemeen dat hulle ontevrede sou wees. Deurgaans egter het hy gevind dat hulle in 'n aangename stemming verkeer en altyd was hulle die eerste om hom te verseker watter genotvolle reis dit vir hulle is.

Hy stap nader en die naastes van die smaakvol geklede jong koopmans groet hom lewenslustig.

„Môre, kaptein!” roep een uit. „Vandag het u 'n lieflike sonnige oggend bestel, nie waar nie?”

Kaptein van Breda glimlag.

„Dit is nie al nie,” antwoord hy opgeruimd. „Met hierdie wind daag ek enige ander skip uit om ons in te haal. Binne 'n

uur kan ons in Valsbaai aan land gaan. Dit sal beteken dat u die Kaap eers met ons terugreis sal kan besoek. Dit pas egter volkome by ons planne in, want dit is mos u begeerte om betyds in Batavia te kom om te sien hoe hierdie seisoen se speseryoeste behandel word. nie waar nie? Ons sal nou net in Valsbaai by een van die plase groente en water inskeep. Met die terugreis kan ons dan 'n paar weke aan die Kaap vertoef."

„Gaaf!” roep Cornelius te Heerde uit. „As jy so goed dink, pas dit ons volkome. Toe, Jakob, laat ons sien of jy Pieter sy prestasie kan nadoen.”

Kaptein Janse van Breda glimlag en draai hom om. Hy gaan terug na die agterstewe en die stuur. Agter hom knal 'n pistoolskoot, en dan volg die vrolike gelag van die jong koopmans.

„Wel, die naaste wat julle aan die teiken gekom het, is vyf-en-veertig sentimeter—waar is Oloff? Waar is daardie kêrel, Oloff van Wagenaar?”

„Ja!” roep 'n paar ander ook uit. „Waar is Oloff? Ons sal graag wil sien of hy vandag nader aan die merk kan kom. Dit is een ding om reguit te kan skiet wanneer die water so plat soos 'n spieël is, maar nou met die rollende deining is dit 'n ander saak. Oloff, Oloff van Wagenaar!”

'n Kajuitdeur in die voorkasteel klap oop. 'n Jong man van ongeveer vyf-en-twintig tree oor die hoë drumpel. Hy is volgens Paryse mode geklee. Die krawat om sy nek is laag en dit keer die rooi lokke wat ongepoeierd en sonder pruik in die oggendsonlig blink. 'n Paar diepblou oë lag met die geselskap voor hom. Sy spits neus is elegant, maar die sterk ken en ferm lippe weerspreek alle gedagtes van verwyfdheid onmiddellik. Hy swaai sy arm en die sykant om sy gewigte val oor sy mou terug. Met 'n gemaklike, swaaiende beweging stap hy oor die dek asof hy heeltal tuis is op die rollende skip. Sy linkerhand rus op die swaardknop aan sy sy en die blink silwergespes aan sy skoene skiet weerkaatsende strale om hom heen.

„Het iemand my geroep?” verneem hy opgewek.

„Ja,” antwoord 'n vyftal stemme. „Kom hier en kyk of jy jou vroeëre prestasies kan herhaal.”

„Prestasies?” verneem Oloff van Wagenaar stadig. „Watter prestasies? Daar is soveel gebiede waarop ek. . .”

„Daar begin hy weer,” keer Cornelius te Heerde hom. „Hier, Oloff, hier is 'n gelaai pistool. Kyk of jy daardie dun toutjie teen die mas kan raakskiet.”

Oloff van Wagenaar kyk in die rigting van die mas. Hy trek sy voorkop op 'n plooi en knyp sy een oog effens toe.

„Toutjie?” vra hy onnosel. „Ek sien niks. Julle skeer seker die gek, kêrels. Julle bedoel natuurlik ons moet kyk of ons die mas kan raakskiet, of hoe?”

Hulle lag.

„Wys vir hom waar die tou hang, Jakob!” roep 'n ander uit. Die jong man spring vorentoe en gryp die toutjie tussen sy duim en voorvinger vas.

„Hier,” sê hy.

Oloff van Wagenaar betuig sy dank. Hy beskou die pistool in sy hand met opgeligte wenkbroue.

„Hoe is dit gelaai?”

„Net 'n enkele koeël, ou vriend,” antwoord Cornelius.

„En julle verwag ek. . .”

„Pieter het binne twintig sentimeter van die toutjie af gekom.”

„Maar die toutjie beweeg,” skerm Oloff.

„Dan kan jy dit darem nou sien, nè?”

Oloff neem stelling in. Hy kyk om hom heen.

„Julle daar digby die agterstewe,” waarsku hy. „julle moet liever verder opsy staan.”

Weer lag almal.

„Kom nou, Oloff. Kyk wat jy kan doen.”

Oloff van Wagenaar korrel versigtig. Hy het al dikwels saam met die ander teiken geskiet en sonder enige twyfel bewys dat hy die beste skut aan boord is. Tot dusver het hy nog maar altyd op sy eie manier grappies van sy prestasies gemaak, maar meteens voel hy nou dat hy graag hierdie amper onmoontlike toertjie sal wil uithaal. Die skip beweeg onder hom. Die toutjie teen die mas swaai heen en weer.

Hy trek die sneller. Die haan kap neer. Rook borrel uit die loop en 'n paar van die jong mans spring vorentoe.

„Die tou is af!” roep een uit en dan drom hulle om Van Wagenaar saam.

„Voor jy aan land gaan, Oloff,” sê Cornelius te Heerde. „gaan jy my 'n paar lesse gee. Ek is ernstig, ou vriend.” voeg

hy dadelik by toe hy Oloff se skouerophalende beweging sien. „Jou vermoë met die pistool en die swaard is amper ongelooflik.”

„Joune is onverbeterlik, Cornelius,” antwoord Oloff met 'n egtheid wat alle ydele rugklopperij uit sy woorde neem.

„Maar nog nie so goed soos joune nie.”

„Miskien is dit 'n kwessie van oefening. Ek doen dit gereeld.”

„Ek stem nie met jou saam nie, Oloff,” meen 'n ander.

„Een mens het 'n beter oog vir hierdie dinge as 'n ander.”

Geselsend staan hulle in groepies rond. Hulle beweeg na die kantreling van waar hulle die Kaappunt nou al duidelik kan sien. Die sierlike Lachende Zeë stoot by Valsbaai in. 'n Paar seemeeue sak laag in sirkelvlug om die wit seile asof hulle die wit kleur van hul eie liggame daarmee wil vergelyk.

'n Uur later skuur die dik kables oor die kante en sak die ankers tussen die klotsende brandertjies in. In die touwerk en op die maste wemel dit van matrose. Vinnig word die seile neergehaal en reeds sak 'n paar bote aan die kant van die skip af. Wanneer die lang sloep 'n paar sentimeter bokant die water hang, laat die matrose die toue los en onderwyl dit oor die rol, plas die sloep in die water. Vrolike uitroepe volg, want dit voel asof die eerste stap na die wal toe reeds voltooi is. Hulle was lank aan boord en selfs die paar uur op vaste grond sal welkom wees.

Op die voorkasteel staan Oloff van Wagenaar. Hy kyk oor die pragtige kurwe van die wit strand van Valsbaai. Links van hom is die berge, die ruggraat van die Skiereiland. Iewers voor hom sal Sandryk, die plaas van sy vader, wees.

Hy kan hom nog voorstel hoe sy vader lyk. Volgens beskrywings wat sy moeder hom gegee het, het hy ook rooi hare en blou oë. Dit is egter reeds vyftien jaar gelede dat hy hulle verlaat het en dit voel vir Oloff nou amper asof hy 'n vreemdeling sal ontmoet.

Danksy die milde geldelike ondersteuning wat hulle van sy vader gekry het—ten spyte van die verwydering tussen hulle—het Oloff die tradisie en verfyndheid van die Europese beskawing ten volle kon assimileer. Van land tot land en leermeester tot leermeester het hy die wysheid van die geskrifte en die skoonheid van die kunste ingedrink: die

gebruik van die swaard en die pistool het hy tot volmaaktheid gebring; die galanterie, die hoflikheid van koninklike howe het deel van hom geword. En tog het daar 'n gemis in sy lewe gebly: deur die jare heen het hy gevoel dat hy as jong seun die leiding van 'n vader nodig het.

Hy staan oënskynlik kalm en bedaard na die land en kyk. Tog klop sy hart vinniger. Hy is naby aan die volbrenging van die groot ideaal van sy lewe. Hy voel 'n hand op sy skouer. Hy kyk om in die vriendelike oë van Cornelius te Heerde.

„Jy peins, Oloff,” sê die jong koopman. „Dit is selde dat 'n mens jou so sien. So dikwels gee jy die indruk dat jy nie ernstig genoeg kan wees nie en tog het ons almal geraai dat daar veel dieper gedagtes by jou skuil as waartoe ons ooit in staat sal wees.”

„Jy vlei my, Cornelius,” antwoord Oloff stemmig, „en ek bedoel dit eerlik. Dit is selde dat 'n mens so 'n aangename reis sal kan deurmaak of dat 'n mens die voorreg sal hê om in sulke aangename geselskap te beland soos dié wat julle my gebied het. Laat ek net byvoeg dat dit 'n ernstige, diepdenkende gemoed vereis om die dieptes van 'n ander s'n te kan peil.”

„Ek weet ook van jou vader, Oloff,” hervat Cornelius. „Ek kan raai met watter opgewondenheid jy die ontmoeting afdag. Ek hoop dat jou hoogste verwagtinge nie teleurgestel sal word nie.”

'n Ruk staan hulle bymekaar en dan gaan hulle terug na die middelhek toe. Oloff se bagasie is reeds in die sloep en die meeste van die jong koopliede vergesel hom strand toe.

'n Paar slawekinders wat die skip die baai sien binnevaar het, hardloop die sloep tegemoet en help dit aan wal sleep. Hulle verduidelik dat daar plase digby is en dat van die boere reeds hierheen op pad is. 'n Paar oomblikke later kom twee perderuiters dan ook bo-op 'n sandduin te voorskyn en galop oor die sagte sand.

„Ek sal verkies dat julle die mense nie meedeel wie ek is nie!” roep Oloff van Wagenaar die bemanning sowel as die koopmans toe. „Ek wil my vader graag verras.”

Hy weet dat hulle sy wens sal uitvoer, want dit kom hom voor asof sy vriende en die kaptein kan aanvoel watter groot gebeurtenis dit vir hom is. Hy draai hom om en kyk na die naderende ruiters.

Hulle spring uit die saal en kom met uitgestrekte hande aan. Hulle lyk opgevoed en vriendelik.

„Julle het by die verkeerde baai ingeseil!” roep een uit.
„Ons weet.” antwoord kaptein van Breda.

Almal lag, en dan stel die kaptein homself bekend en begin reëlings tref om vars groente, vleis en water in te skeep.

Oloff en die koopmans staan eenkant. Hy versoek Cornelius te Heerde om met die boere reëlings te tref vir 'n perd en ook 'n plek waar hy voorlopig sy paar koffers kan laat bly onderwyl hy voort ry na die Kaap toe.

„Ek ken die wêreld hier natuurlik glad nie.” verduidelik hy.
„maar Vader is een van die seniër-koopmans, soos jy weet. Hy sal heel waarskynlik daar by die Kasteel wees. My plan is om vas te stel waar Sandryk geleë is, en dan kan ek hom gaan inwag en hom verras.”

„Ek is natuurlik heeltewel gewillig om dit alles vir jou te doen.” antwoord Cornelius de Heerde. „maar jy kan net sowel vir hierdie boere 'n vreemde naam verstrek. Jy sal tog met hulle moet saamgaan om 'n perd te kry.”

Oloff knik, want hy besef dat dit die beste uitweg is. As hy later weer hierdie boere ontmoet, kan hy aan hulle verduidelik hoekom hy 'n ander naam verstrek het.

Tien minute later het Janse van Breda sy reëlings getref. Oloff bedank die kaptein vir sy vriendelikheid.

„Dit spyt my,” roep Van Breda uit, „dat ons nie 'n rukkie langer kan vertoef nie. Ek sal jou vader graag wil ontmoet, en jou vriende is ook heel waarskynlik al baie begerig om vir 'n verandering weer 'n slag 'n paar nuwe gesigte te sien. Ek kan hierdie uitstekende westewind egter nie laat verbygaan nie. As ek daarvan gebruik maak, sal dit die Lachende Zeë 'n hele paar dae vroeër in Batavia bring. Ek wil dus probeer om agtermiddag vroeg reeds weer op pad te wees.”

Oloff groet die ander en saam met die stuurman en die grootste gedeelte van die bemanning vergesel hy die boere na hul plase toe. Dit bring mee dat hy maar min met die twee vryburgers gesels, en wanneer hy 'n halfuur later op 'n lewendige skimmel oor die vlakke wegtrek in die rigting van die Kaap, het hy nog maar net 'n paar sinne met hulle gewissel. Hy het hulle darem verseker dat hy daardie aand nog sy koffers sou kom haal.

Die skimmel is uitgerus en die kilometers vlieg onder sy hoewe verby. Oloff sit gemaklik, en sy oë dwaal heen en weer om die natuurprag om hom heen in te drink.

Skaars anderhalf uur later ry hy tussen die eerste huise van die Kaap deur. Skuins regs voor hom is die mure van die Kasteel. Daar binne iewers sal sy vader heel waarskynlik op hierdie oomblik wees, want dit is nou ongeveer 'n uur voor middagete. Hy wil sy vader graag eers van 'n afstand af betrag sodat die oomblik van ontmoeting nie so skielik moet wees nie. Hy sal verlangs na sy vader verneem en hom probeer te sien kry voordat hy uitry na die plaas toe om hom daar in te wag.

Hy gaan by die paradegrond verby. Die jong eikebome is kort gelede geplant en vorm 'n ligte groen omheining. By die Heerengracht draai hy regs en ry in die rigting van die strand totdat hy aan sy linkerkant 'n wynhuis sien. Hy swaai hom uit die saal en draai die teuels 'n paar keer om die dwarsbalk voordat hy by die deur van die tappery ingaan.

Daar is 'n paar mans om die tafels en op 'n verhoog maak 'n slaweorkes musiek. Oloff wink na 'n kelner met 'n wit voorskoot aan en onderwyl die slaaf vinnig nader kom en beleef voor hom buig, trek hy 'n stoel uit en neem plaas. Hy het met voorbedagte rade 'n tafel uitgesoek naby 'n groepie mans wat sit en kaart speel. Hulle lyk vir hom nie juis na gesiene inwoners van die Kaap nie: moontlik sal hulle hom dus al die inligting kan gee in verband met sy vader sonder dat hulle hom te veel uitvra.

„'n Beker bier, asseblief!” roep hy hard uit. Hy is daarvan bewus dat twee van die mans langs hom opkyk.

Die slaaf buig en stap 'n paar tree agteruit van hom af weg voordat hy hom omdraai om die bestelling uit te voer. Oloff kyk doodluiters op.

„'n Mooi dag,” sê hy geselsend.

Een van die kêrels knik, die ander kyk na die kaarte toe terug.

„Ek is 'n vreemdeling aan die Kaap,” vervolg Oloff teenoor die een wat hom nog sit en beskou. „Ek het vanoggend eers aangekom.”

„O, so.” sê die man verbaas, en die ander drie kyk ook op. „Waar het julle geland?”

„In Valsbaai.” antwoord Johan geredelik. „Die Lachende

Zee doen daar aan vir vars voorrade. Die skip vertrek sommer weer daarvandaan."

"Maar dit word nie toegelaat nie!" roep een vent uit. "Ons is opsigtters by die hawe. Alle ladings moet hier ingeskeep word."

"Aag!" roep een van die ander uit. "As die vryburgers daar op die vlakte geleentheid kry om 'n bietjie privaat-handel te dryf, sal hulle die kans nie laat verbygaan nie."

"Ek verstaan nie mooi wat jul bedoel nie." sê Oloff van Wagenaar.

"Wat ons bedoel," antwoord die een dadelik, "is dat alle handel deur die Kompanjie geskied."

'n Ruk gesels hulle oor die toestande aan die Kaap. Dan kry Oloff 'n geleentheid om die saak aan te roer waarvoor hy eintlik hierheen gekom het.

"Die koopmans is dus eintlik die manne wat moet besluit oor die uitvoer van die produkte, nie waar nie?"

"Ja."

"Ek verbeel my dat ek een van hulle ken. 'n Sekere Johan van Wagenaar. Julle. . ."

Een van die kêrels spring uit sy stoel op. Hy kyk Oloff stip aan.

"Dit is waarom jy so bekend lyk!" roep hy uit. "Is jy dalk familie van die senior-koopman?"

Oloff het hierdie soort vraag verwag. Hy haal sy skouers op.

"Ek. . ." begin hy met 'n verontskuldigende glimlag, maar dan swaai hy om as die deur agter hom oopgeruk word en hy almal se gesigte skielik na daardie kant toe sien draai.

Net binnekant die tapperydeur staan 'n garnisoen-offisier. Agter hom is 'n paar soldate met ontblote swaarde. Maar wat Oloff sê aandag die meeste trek, is die Maleierslaaf wat voor die soldate by twee mans in siviele drag staan.

Hy word bewus van die intense blik van die Maleier. Hy sien dat die slaaf gewond moet wees, want sy regterarm hang in 'n verband. Dit word vir Oloff oombliklik duidelik dat hy die voorwerp van hul belangstelling is. Sy oë flits na die enkele venster aan die straatkant en daardeur sien hy ook van die soldate. Die wynhuis is dus omsingel—en hý is blykbaar die oorsaak daarvan!

"Dit is hy." sê die Maleier gedemp, maar Oloff kan die

woorde duidelik hoor.

"Ons waarsku jou, Van Wagenaar!" bulder die offisier uit. "Verset sal jou jou lewe kos. Ons het bevele om jou in hegtenis te neem."

Oloff van Wagenaar staan roerloos. Hy het daarvan bewus geword dat die haweopsigtters langs hom terugstaan. Hy staan alleen, omtrent in die middel van die vertrek.

Honderde gedagtes maal deur sy brein. Hy probeer orde daaraan gee, maar vind dit onmoontlik om vas te stel waarom hy so goedsmoeds in hegtenis geneem sal word.

"Ek hoor wat jy sê." sê hy met 'n skouerophaling onderwyl hy die kant om sy gewigte afskud. "Mag ek verneem wie julle die bevele gegee het en waarom dit nodig is om my gevange te neem?"

"Skeer jy die gek?" roep die soldaat terug.

"Ek, of julle?" Oloff van Wagenaar lag.

"Het jy nog nie hierdie slaaf vantevore gesien nie?"

Oloff kyk die Maleier stip in die oë. Hy sien daarin haat—maar ook iets anders, iets amper soos pyn.

"Dit is die eerste keer in my lewe dat ek hom sien," antwoord hy stadig.

"Kom jy saam met ons, of moet ons jou met geweld verwyder?" snou die offisier hom vererg toe.

"Ek weier om te gaan voor ek die rede vir jul belaglike optrede verneem," antwoord Oloff doodbedoord, maar sy stem is meteens koud en vyandiggesind.

Blykbaar steur die offisier hom nie daaraan nie. Hy wuif met sy arm en vier van die soldate wat by die deur ingedruk het, kom vinnig nader.

"Bly waar julle is!" Oloff van Wagenaar het agteruit getree. Soos blits het sy hand na sy swaardhef beweeg en nou blink die naakte staal in die helder lig van die tappery. Sy oë beweeg stadig van die een soldaat na die ander, en so strak is die blik dat hulle 'n oomblik huiwer.

"Ek het jou gesê dat verset jou dood sal beteken!" roep die offisier van agter af uit. "Pak hom, kêrels! Moenie skroom om hom dood te maak nie. Hy is 'n lae gemene skurk!"

Vinnig swaai Oloff van Wagenaar se kop om. Hy is ongeveer tien tree van die agterste muur van die tappery af. Met een sprong is hy oor die vloer en staan hy met sy rug daarteen. Die

vier soldate kom vinnig, onverskrokke nader. Hulle is vier—hy is maar een.

Links van hom, aan die verste kant van die vertrek, is die voormiddagdrinkers saamgedrom. Reeds het Oloff van hul kant af 'n paar uitroepe gehoor, en sy naam sowel as sy vader s'n is 'n paar keer herhaal. Hy kon egter nie agterkom watter soort aanmerkings gemaak word nie.

Sy oë bly op dié van die vier voor hom. Hulle is gewone soldate. Hulle voer bevele uit. Hulle gebruik 'n swaard bloot om mee te veg. Oloff van Wagenaar glimlag. Vir hom is 'n swaard soos 'n pen vir 'n skrywer of 'n verfkwas vir 'n kunsskilder.

„As niemand dan wil verduidelik waarom 'n wildvreemdeling aangerand word nie,” sê hy sag deur sy tande, „moet hulle nie verwag dat hy soos 'n lammetjie na die slagpaal gelei sal word nie.”

Die naaste soldaat is ongeveer vier tree van hom af. Die man kyk effens om of sy drie makkers aan sy sy is en in daardie oomblik spring Van Wagenaar vorentoe. So vinnig dat die oog van die toeskouers dit skaars kan volg, skiet die staallem na die gewrig van die soldaat. Toe hy verskrik voor hom kyk, lê daar reeds 'n lang streep van sy elmboog tot by sy hand. Met 'n gil los hy sy swaard en gryp met sy linkerhand na die wond.

Oloff lag.

„Jy het lig daarvan afgekome!” roep hy uit, want doelbewus het hy die man net met die swaardpunt geraak. Feitlik tegelykertyd swaai hy die wapen om en met 'n geweldige slag tref hy die swaard van die tweede soldaat, net waar die hef aan die lem vaskom. So hard is die hou dat die swaard uit die man se hand geruk en oor die vertrek geslinger word.

Binne enkele sekondes bly daar dus net twee van sy aanvallers gewapend oor. Hulle het vorentoe gespring en feitlik gelyktydig beweeg hul swaardpunte na die man teen die muur toe. Oloff swaai sy liggaam na die regterkant toe sodat dit lyk of hy amper dubbeld vou. Die swaarde gly teen sy linkersy verby, en die volgende oomblik het die welgeklede jong man reeds vorentoe gebuig en druk hy die staalpunt in die regterskouer van die naaste soldaat.

Met 'n uitroep gooi die man sy arms in die lug en steier agteruit. Dan kantel hy om en lê uitgestrek op die vloer.

Weer lag Oloff van Wagenaar, hard en uittartend. Hy weet dat die soldaat glad nie so ernstig gewond is nie. Die man het meer van skrik as van iets anders neergeslaan. Sy oë swaai na die vierde soldaat toe.

Daardie kêrel het egter verdwaas na sy maat gekyk. Toe hy sy oë vorentoe draai en Van Wagenaar se blik ontmoet, laat hy meteens sy swaard op die vloer val. Met 'n skreeu van ang spring hy om en nael na die deur toe.

„Is daar nog 'n paar van julle wat lus voel om te speel?” roe Oloff hard uit. „Of sal iemand hom nou die moeite doen om my te vertel wat aan die gang is?”

Die gamisoenoffisier staan met sy swaard gereed. 'n Paar ander soldate het van die straat af binnegekome, maar tot dusver het hy hulle nie beveel om hul makkers te hulp te snel nie.

„Bring gewere.” beveel hy nou streng. Een van die soldate skree by die deur uit en 'n oomblik later is 'n tiental geweerlope op Oloff van Wagenaar gerig.

„Kom jy saam?” vra die offisier droog. „Of verwag jy dat ek nog 'n paar swaardvegters op jou moet afstuur?”

Oloff van Wagenaar haal sy skouers op. Hy glimlag en steek sy swaard in die skede terug.

„In hierdie omstandighede is lood klaarblyklik sterker as staal. Ek sal saamgaan.”

'n Halfuur nadat hulle hom uit die tappery geneem het, word Oloff by die deur ingestoot. Hy skud die soldate se hande van sy arms af en tree self vorentoe. Hy is daarvan bewus dat die deur agter hom toegemaak word en hy weet instinktief dat daar 'n paar manskappe teen die muur op wag sal staan. Sy aandag is egter voor hom gevestig en hy kyk die groep mans in die ryk gemeubileerde vertrek een vir een deur onderwyl hy gemaklik met sy gewig op die een been rus en die sykant om sy gewigte netjies met sy vingers gelyk stryk.

Agter 'n groot lessenaar sit 'n man van ongeveer vyftig jaar oud. Oloff raai dat dit die goewerneur moet wees. Links van die lessenaar sit 'n jongerige vent met nou oë en hoë wangbene. Langs hom is 'n derde man, en daar is ook nog twee aan die goewerneur se linkerkant.

„Dan is jy Oloff van Wagenaar?” sê die goewerneur stadig. Hy het 'n uitdrukking van veragting op sy gesig, maar ook dieselfde trek van pyn wat Oloff by die Maleierslaaf bespeur het.

„Ek het al agtergekom dat julle my naam ken,” werp Oloff redelik bitsig teë. „Ek sal bly wees om te verneem wat julle aangespoor het tot hierdie onbeskaafde handeling.”

„Dit kry 'n mens van opgevoede skurke, Eksellensie,” sê die kêrel met die hoë wangbene.

„'n Mens kan verwag, De Nuys,” antwoord die goewerneur. „dat hy die beste opvoeding sou gehad het. Maar kom, ons hoor liever wat hy self te sê het.” Hy kyk na Oloff. „Wel?” verneem hy koud. „Sal jy omgee om ons eers te vertel wie jy is, waar jy vandaan kom en met watter doel jy hier is?”

„Julle ken my naam!” roep Oloff vererg uit. „Julle behoort dus te weet wat ek hier kom soek—of is daar meer Van Wagenaars in die Kolonie, behalwe my vader?”

„Jy noem hom jou vader?” roep sy Eksellensie uit, nog met dieselfde trek van pyn in sy gesig. . .

„Mynheer,” sê Oloff stadig en met 'n besliste poging om sy humeur te bedwing. „ek moet sinsnedes en uitroepe aanhoor waarvan die betekenis vir my so duister soos die nag is. Ek is Oloff van Wagenaar. My vader, is Johan van Wagenaar. 'n

senior-koopman van die Kaap. Hy het my en my moeder vyftien jaar gelede in Europa agtergelaat toe hy hierheen gekom het. In die afgelope tyd het daar 'n briefwisseling tussen hom en my ontstaan en het ek besluit om hom te kom besoek—dit sou die eerste keer sedert my tiende verjaarsdag wees dat ek hom weer sien.

„Ek het op die Lachende Zeë, een van die nuutste skepe van die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie, onder bevel van kaptein Janse van Breda en in geselskap van verskeie jong koopmans, seuns van die Here Sewentien en ander hooggeplaaste amptenare van die Kompanjie, hierheen gereis. 'n Storm het ons van koers af gedryf en ons het dus vanoggend in Valsbaai aan wal gestap. Ek het my bagasie op 'n plaas daar naby laat bly en deurgekom hierheen. Toe ek in die tappery besig was om na my vader te verneem, word ek deur die soldate aangerand en in hegtenis geneem. Ek verwag 'n verduideliking.”

„Die Lachende Zeë,” sê de Nuys stadig. „Dit is seker nog in Valsbaai, nie waar nie?”

„Ek weet nie. Moontlik is dit?”

„Hoekom sou dit nie wees nie?” verneem die fiskaal haastig.

„Hulle was haastig toe ek daar weg is,” antwoord Oloff geduldig. „Die kaptein het gesê dat hy van die westewind wou gebruik maak. Hy sou net soveel vleis, groente en water as wat hulle van die boere daar in die omtrek kon kry, inskeep en die reis dan dadelik weer voortsit. Sy passasiers—wie se begeertes hy noodgedwonge in ag moet neem—wil graag voor die einde van die speseryseisoen in Batavia aankom.”

„Dus sal jou alibi dalk nie meer daar wees nie, nie waar nie?” snou De Nuys hom toe.

„Waarvan praat julle?” roep Oloff verwoed uit. „Sal iemand asseblief 'n einde aan hierdie klug maak en my vertel wat aangaan?”

„Kyk, Van Wagenaar,” sê die goewerneur gewigtig. „die onafhanklike fiskaal het reeds sekere afleidings gemaak. Onder meer het hy gesê dat jy vandag of binne afsienbare tyd hier sal aankom om jou erfenis op te eis nadat jy die senior-koopman verlede nag vermoor het. Hy was reg.”

„Vermoor?” bulder Oloff. „Waarom sou ek my vader wou

vermoor?"

„Ons weet waarom jy hom wou vermoor. Nog meer, ons weet waarom jy hom vermoor het.”

Oloff antwoord nie. Hy kyk die vyf mans stil aan. Meteens is daar nie 'n heldere gedagte in sy verstand nie. Dit is asof die slag van daardie woorde hom sy denkvermoë ontnem het.

Sy vader is dood—vermoor! En hy, Oloff, word van die misdaad verdink!

„Julle het die plaas afgebrand. Julle het elkeen wat jul gesien het, vermoor. Maar die Voorsienigheid het daarvoor gesorg dat een ontsnap het. Mamoed, die getroue slaaf van Johan van Wagenaar, het met sy lewe daarvan gekom. Hy het jou gesien. Hy het jou vader jou naam hoor uitroep. Hy het jou vandag in die tapperie uitgeken nadat 'n paar mense jou in die straat sien verbygaan en gemeen het dat hulle Johan van Wagenaar se gelaatstrekke in jou herken. Neem hom weg!” Hy draai hom na De Nuys toe. „Sorg dat hy môreoggend douvoordag opgehang word.”

„Wag!” Oloff hou sy hand op. So ernstig en amper smekend is daardie enkele woord dat die goewerneur vir die soldate knik om terug te staan.

„Wat is dit?” vra hy rou.

„Glo my!” roep Oloff heftig uit. „Daar is 'n misverstand. Die nuus is vir my oorweldigend. Nie soseer omdat ek my vader so intiem geken het dat sy verlies vir my lewensbelangrik is nie, maar dat ek só uitgesien het na die herontmoeting—na die her-kennismaking. Dit is regtig só eenvoudig om alles te verduidelik, as julle net 'n oomblik sal luister. Stuur dadelik boodskappers Valsbaai toe. Moontlik is die Lachende Zeë nog daar. So nie, kan julle by die boere uitvind—daar was twee van hulle wat ons by die strand ontmoet het—Pieter Mostert en Hans van der Byl. Hulle sal getuig dat ek daar aan wal gestap het. En ek twyfel daaraan of julle seuns van die Here Sewentien daarvan kan verdink dat hulle saam met my so 'n gruweldaad sou gepleeg het.”

De Nuys spring uit sy stoel op. Hy swaai om na die goewerneur toe.

„Alles luens!” blaf hy uit. „Moet u nie aan hom steur nie. Eksellensie! Hy verspil ons tyd.”

Die goewerneur kyk die jong man bedaar aan. Hy steur hom nie aan die fisikaal se woorde nie.

„Neem hom weg. Ons sal julle laat weet wanneer ons hom weer wil hê.” sê hy aan die soldaat. Dan wend hy hom tot die briesende De Nuys. „Ons moet reël om boodskappers Valsbaai toe te stuur. Ons doen die regverdigheid geen skade aan om sy storie te toets nie. Ons sal voor vanaand weet wat die waarheid is.”

Intussen is Oloff reeds by die deur uitgelei. Hy gaan sonder verzet, want hy is daarvan bewus dat die goewerneur se ondersoek die regte toedrag van sake aan die lig sal bring. As die seldeur agter hom toeklap, gaan hy moedeloos op die houtbank in die hoek van die klein klipkamertjie sit. Hy was skaars bewus van sy omgewing onderwyl hulle hom hierheen gebring het en selfs nou staar hy doelloos op die klipvloer voor hom.

Sedert hy tien jaar oud was, was sy vader vir hom maar net 'n beeld in sy geheue. Hierdie ontmoeting was egter só naby dat hy dit al amper as die werklikheid aangevoel het. Nou is dit hom skielik ontnem. Die hele doel van sy reis hierheen is verydel. 'n Suur glimlag verskyn om sy lippe. As hy gister aangekom het, sou hy sy vader nog lewendig aangetref het.

Hy is onbewus van die skuivende skaduwees buite op die vierkant voor die seldeur. Hy is onbewus van die eentonige voetstappe van die wagte. As die seldeur oopgeruk en hy beveel word om uit te gaan, doen hy dit sonder veel belangstelling. Hy verkeer nog steeds onder die terneerdrukkende invloed van die nuus van die moord op sy vader. Die bewys van sy onskuld is vir hom vanselfsprekend.

Die goewerneur en die fisikaal is alleen in die vertrek toe hy daar ingeneem word. Die deur agter hom word nie toegemaak nie, maar die wagte bly langs hom staan.

„Wel?” verneem hy bedaar. „Ek verwag dat u nou tevrede gestel is?”

Die goewerneur kyk skuins na hom van waar hy en die fisikaal agter die lessenaar staan en gesels het.

„Dit was regtig 'n vernuftige poging.” sê die fisikaal. „Die Lachende Zeë wás daar. Die kaptein is Van Breda. Die passasiers is van die hoogste edellui van Holland. Hulle het wel